
# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

November 2022

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe



***Piet Brouwer***
***Gebore: 04 April 1940***
***Oorlede: 04 Oktober 2022***

*Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV*

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

## Indeks / Index


Editors Page / Redakteur se blad 2
Sponsduif skou advertensie - Hennie Hattingh 2
Totsiens Piet Btouwer - Christo Munnik 3
Piet Brouwer - Louis van der Walt 4
SASV beleid oor sosiale media - Dirk Scholtz 6
Squiker skou 2022 - Awie Esterhuizen 7
Na ‘n besoek aan Heinrich Moldenhauer
Dr GJ Swart 17
Andana Dewlaps - Christo Munnik 21
Is’nt most of this true - Christo Munnik 22
Scoreboard and Rules 24


## Birthdays /Verjaarsdae

| | | | |
|---|---|---|---|
| J010 | - Celest van Zijl | - | 01-Dec |
| D051 | - Charles Swartz | - | 01-Dec |
| N057 | - Cameron Gladwill | - | 02-Dec |
| G045 | - Leedert Snyman | - | 02-Dec |
| J030 | - Ertjies v Tonder | - | 03-Dec |
| D011 | - Dean Dreyer | - | 09-Dec |
| C053 | - Du Preez Hattingh | - | 11-Dec |
| H088 | - Hannes Vermeulen | - | 11-Dec |
| D053 | - Keanu vd Linde | - | 15-Dec |
| H085 | - John Germishuys | - | 15-Dec |
| V053 | - Schalk Strauss | - | 15-Dec |
| H073 | - Natalie Neethling | - | 16-Dec |
| B094 | - Riaan vd Linde | - | 18-Dec |
| W019 | - Matt Willemse | - | 19-Dec |
| W073 | - Danie Fourie | - | 19-Dec |
| H089 | - Lihan Geldenhuys | - | 20-Dec |
| H072 | - AJ vd Walt | - | 21-Dec |
| GO47 | - Andries Roelofse | - | 22-Dec |
| A026 | - Nico vd Westhuizen | - | 23-Dec |
| G003 | - Elbé Visser | - | 23-Dec |
| B018 | - Freddie Wepener | - | 23-Dec |
| W007 | - Gawie Gertenbach | - | 26-Dec |
| K040 | - Johan Botha | - | 27-Dec |
| C036 | - Charl Naudé | - | 28-Dec |
| W017 | - Charl Cillie | - | 29-Dec |
| V029 | - Wietz van Zyl | - | 29-Dec |
| B090 | - Shaun Smeda | - | 29-Dec |
| K014 | - Johnny Rudman | - | 30-Dec |

## New Members / Nuwe Lede

*NoordKaap*

*JAN VAN DYK G052*

***KENNISGEWING PRESTIGESKOU: S.A. – SPONSDUIFKLUB***

*Kennis geskied hiermee van die volgende prestigeskou van die S.A. Sponsduifklub. Ditverteenwoordig die volgende rasse:*

*Dragoon*
*Carrier*
*Engelse Barb*
*Indianer.*

*Alle telers van hierdie rasse is welkom om die skou by te woon en hul duiwe te kom vertoon en om terselfdertyd mede-telers te ontmoet en dalk te onderhandel oor die aankoop of uitruil van duiwe waarmee weer geteel kan word.*

*Die besonderhede is die volgende:*

*Datum: 21 Januarie 2023.*

*Plek: Noord-Vrystaat se duiwesaal op die terrein van die A. P. Kerk, Kroonstad.*

*Tyd: Inhok vanaf 07:00.*

*Jaarvergadering : 08:30*

*Beoordeling van duiwe begin direkna die Jaarvergadering.*

*Beoordelaars: Dragoons – Gert Venter*
*Carriers – Bertie Wessels*
*Barbs en Indianers – ds. Hennie Hattingh.*

*Pryse: Verskillende sertifikate en trofees in kleurklasse kan gewen word. Aan die einde van die skou word die kampioen – en reserwe kampioen sponsduifaangewys.*

*Na die skou is daar ‘n bring en braai waar elkeen verantwoordelik is vir sy eie eet – en drinkgoed asook eie eetgerei.*

*Belangstellendes wie inskrywings vorms wil ontvang is welkom om ds Hennie Hattingh by 0829233910 of by e-pos: hennie-hattingh703@gmail.com te kontak, Ons sal graag help.*

***Die tyd is altyd reg om goed te doen***

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



## *Totsiens Piet Brouwer*

*Christo Munnik*

Dit is altyd sleg om iemand, of dit nou familie is, of vriende vir die laaste keer te groet veral as jy nie kans gehad het om hom/haar persoonlik totsiens te sê nie. Wat sê mens anders as om maar te vertel hoe jy die persoon geken het, hoe lank jy hom/haar geken en wat julle saam gedoen het terwyl julle vriende was.

So is dit nou met wyle Piet Brouwer wat die anderdag skielik oorlede is. Ek het Piet Brouwer seker so in die laat sewentigs of begin tagtigs ontmoet in ek dink Middelburg by een van Oos Transvaal se streekskoue. Birmingham Rollers geskou en sommer dadelik met my begin stry oor hoe my duiwe lyk. So by myself gedink wie is die ou wat sommer vir my sulke dinge sê. Later dieselfde dag het ons vriendskap dan ook begin want hy het my uitgenooi om by hom te kom kuier dat ons kan Rollers gesels want dit was al wat ek geskou het.

Kyk, ek het sommer gou ook uitgevind dat jy vir Piet Brouwer nie sonder handskoene aanvat nie. Hy was, en baie het dit nou beaam 'n beneukte ou derduiwel wat hy seker maar aangeleer het by die Gevangenis diens waar hy gewerk het daardie tyd. Maar, dit moet ek natuurlik bysê hy het ook 'n hart van goud gehad. Hy sou altyd help waar hy kan met duiwekennis wat hy oor jare gehad het.

Ek het 'n paar maal by hom gaan kuier by sy huis en hy het redelik baie soorte duiwe gehad soos byvoorbeeld die "Thieve Pouters wat hy gehad het ek dink so terug dat dit seker maar Gorgueros of so iets moes gewees het. Hy het natuurlik ook SA Botternekke gehad naderhand maar sy liefde vir die Birmingham Roller was bo aan sy lys van duiwe.

'n Ding wat altyd tussen my en Piet gebly het natuurlik van die Birmingham Roller telers af as ek en Piet saam op 'n skou is word daar besluit wie van ons twee is die lelikste in die SASV en glo vir my arme Piet het altyd gewen en vandag kan ek met trots sê dat dit vir my 'n eer is om die titel te dra van die lelikste in die SASV.

Ek en Piet het vir jare nadat hy bykans alles verloor het nog gekominikeer met mekaar selfs vir my artikels gestuur vir die boekie en as ek te lank nie met hom gepraat het op die selfoon nie sou hy vir my 'n R5 link op my foon laai dat ek hom tog maar net moet bel maar ek moes wag dat hy eers op 'n sekere plek daar op die plaas is want dis waar daar sein is.

Piet, dis jou beurt om te rus my maat ek kan net dankie sê dat ek vir Piet Brouwer kon ken in my lewe. Jammer dat ek die laaste tyd nie weer gereeld met jou kon gesels nie my vriend maar tot ons weer sien rus sag ou maat.


### *Advertisement costs / Advertensie kostes*


***Businesses and non SAFPA members***

**Quarter page/Kwart bladsy - R250 per year/jaar - Half page/Half bladsy - R450 per year/jaar**
**3 Quarter page/3 Kwart bladsy - R650 per year/jaar - Full Page/Vol bladsy - R850 per year/jaar**
**SAFPA members wanting to sell pigeons / SASV lede wat duiwe wil verkoop**
**Quarter page/Kwart bladsy - R100 per month/maand - Half page/Half bladsy - R200 per month/maand**
**3 Quarter page/3 Kwart bladsy - R300 per month/maand - Full Page/Vol bladsy R400 per month/maand**
**Spes Clubs and members advertising lofts/clubs / Spes klubs en lede wat hokke/klubs adverteer**
**Quarter page/Kwart bladsy - R100 per year/jaar - Half page/Half bladsy - R200 per year/jaar**
**3 Quarter page/3Kwart bladsy - R300 per year/jaar - Full Page/Vol bladsy R400 per year/jaar**



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## Piet Brouwer

*Louis vd Walt*

Ek het ten tyde van Piet Brouwer se afsterwe op die Noord van die Vaal Whapp groep, kortliks ‘n paar woorde oor hom gesê. Hy was egter wyd bekend as duiweboer en sou dit gepas wees om op ‘n breër platform soos ons Nuusbrief die een en ander oor hom, en ook my jarelange saam loop met hom, te deel.

Ek was n skool laaitie toe ek Piet leer ken het en hy was toe al reeds vroeg uit die skool om sy eie potjie te krap na hy en n onderwyser nie mooi gestryk het nie. Hy het van my Pa, oom Boet van der Walt, se mooi bont veerpoot duiwe gehoor, kom kennis maak en is daar weg met n paar tumblers wat vandag bekend staan as die SA Botternekke. So met sy gereelde kuiers om te kom duiwe kyk het ons vriende geraak en gebly.

Hy het benewens die Botters ook later van tyd met Rollers, Engelse Kortgesigte, SA Troetelduiwe en ook ander rasse geboer en ondanks ‘n gebrek aan boeke kennis van duiwe genetika, net maar instinktief geweet wat hoort by wat en groot sukses gehad hoewel hy maar min geskou het weens finansies en so voort. Hy sou ook met die daarstel van die Standaard van die SA Botternekke in 1992, insette lewer.

Piet was fris, fiks, sterk en ‘n formidabele langafstand atleet met paar Comrades en ander groot wedlope agter die blad en was ook ‘n gerekende bokser met Noord Transvaal kleure van daardie tyd. ń Ou wat nie maklik skrik nie en met wie jy nie sommer sou skoor soek nie. Desonkdanks het hy tot sy dood toe hierdie sagte hart en groot liefde gehad vir alle diere, veral dié met vere.

Piet was ‘n bewaarder by die Baviaanspoort Gevangenis en ek dink hy en Chris de Bruin het saam daar gewerk, ek praat nou van die vroeë sewentigs. Ek het in die Pienaarspoort area daar naby op ‘n plot gebly en ek en Piet het oor en weer gekuier.

Maar Piet het nooit ‘n kar besit of leer bestuur nie. Waar hy wou wees het hy sy 28 duim dikwiel fiets opgesaal of die pad te voet gevat en gehardloop waar hy wou wees. Hy sou naweke die 10 tot 12 km tot by my draf of fiets en dan laatnamiddag onder groot protes toelaat dat ek hom met my bakkie huis toe vat.

Hy is intussen geskei en het pakket gevat by die Gevangenisdiens en moes toe sy huurhuis ontruim. Ek het van sy hokke en duiwe oorgeneem. Maar nie lank nie toe laat hy weet hy het hierdie pragtige jong blonde meisie ontmoet met haar eie kar, blyplek en als. Dinge gaan punt in die wind, sy het geen kind of kraai nie en hulle gaan saam huis opsit. Dan het hy ook weer plek vir sy duiwe, voëls, hoenders en ook slange. Ek het by Piet se nuwe blyplek gaan inloer en die meisie wás nogal


Birmingham Roller Vertoners Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Attie van Aswegen
e-mail: attievanaswegen@gmail.com
Sel: 082 411 8483

April 2022





Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

oulik hoor. Wys jou nou net; moenie 'n man op sy baadjie of broek takseer nie...

Iemand het pas na sy afsterwe in 'n baie onsensitiewe uitlating op die Whapp groep gesê Piet was een van die lelikste mense wat hy geken het en ja, hy was nie sy ma se mooiste seun nie. Maar dit het nie verhoed dat hierdie mooi jong blonde meisie en ook ek en andere, 'n mooi pad met hom kon stap en hom na waarde as mens kon ag.

Piet het toe met die pakket knop in sy agtersak 'n petshop begin maar hy was nie toegerus vir so 'n onderneming nie en dit het nie lank gehou nie. Ongelukkig ook het Blondie met die kar en als, groener weivelde raak geloop en onse Piet was weer op sy eie voete...

Piet het dit nooit breed gehad nie en nou sonder vrou, huis of kar het dit maar swaar gegaan. Ook die pakket geld was nou op en het hy begin swerf van werf na werf en kind tot kind en só het ek met hom ná al die jare, kontak verloor.

Dit is goed dat hy nou rustig is en ons gun hom dit.



## *SASV Beleid oor Sosiale Media*

*Dirk Scholtz*

**1. Doel**

Die doel van hierdie beleid is om die amptelike gebruik van die SASV se sosialemedia-kanale te reguleer.

Gebruikers van die SASV se sosialemedia-kanale moet hoë etiese en gedragstandaarde aan die dag lê en moet verantwoordelik optree wanneer hulle idees en inligting op die SASV se sosiale media-netwerke uitruil.

Voorts moet gebruikers verstaan dat hulle as verteenwoordigers van die SASV verantwoordelikhede het en dat hulle optrede 'n positiewe of negatiewe uitwerking op die SASV se openbare beeld en reputasie kan hê.

**2. Organisatoriese bestek**


Hierdie beleid is van toepassing op alle amptelike sosiale media aktiwiteite deur gebruikers van die SASV se sosiale media-netwerke. Hierdie gebruikers is onder meer opbetaalde lede van die SASV asook derdepartyverskaffers wat die SASV verteenwoordig.

Nie nakoming van hierdie beleid en prosedures wat daarin beskryf word, kan as wangedrag beskou word en kan daartoe lei dat dissiplinêre stappe teen oortreders gedoen word.

**3. Beleidsverklaring**

Die SASV verwelkom die ontwikkeling en gebruik van sosiale media as 'n instrument vir kommuni-


Christo Munnik
Nasionale Beoordelaarsbeampte



Teel met Roller duiwe vanaf 1963
en met Birmingham Rollers vanaf 1980
Teel nou ook weer met Barbs
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Oktober 2022



kasie in die globale wêreld.

Aangesien die sosiale media vir gebruikers 'n openbare platform bied om hulself uit te druk, is dit vir die SASV belangrik om duidelike riglyne te vestig rakende verantwoordelike gedrag, standaarde van optrede en verwagtinge waarby gebruikers moet hou wanneer hulle sosiale media vir amptelike doeleindes gebruik.

Gebruikers moet onthou dat enige amptelike aktiwiteit op openbare platforms 'n impak op die beeld van die SASV en sy lede het en hulle moet hulle dus ten alle tye weerhou van enige aktiwiteit wat hierdie beeld kan skaad. Daar moet ook daarop gelet word dat sekere vorms van gedrag as wangedrag beskou kan word ingevolge die bepalings van die SASV se Grondwet en Reëls en ook 'n strafregtelike misdryf kan uitmaak, in welke geval oortreders deur die owerhede vervolg kan word. Die SASV se Grondwet en Reëls wat gebruikers se gedrag tydens normale verkeer reguleer, is ook op gebruikers se aanlyn gedrag van toepassing.

Die SASV ondersteun vryheid van uitdrukking en die reg van assosiasie. Gebruikers moet hierdie regte egter op 'n verantwoordelike wyse uitoefen sodat ander partye geensins benadeel word nie.

**4. Omskrywing van terme**

**4.1 Sosiale media:** enige webblad of medium wat vir openbare kommunikasie voorsiening maak, insluitende maar nie beperk nie tot sosiale en professionele netwerkblaaie, mikroblogblaaie, video- en fotodeelblaaie, forums, besprekingsblaaie en –groepe, potgooiblaaie en kitsboodskapdienste (insluitend kortboodskapdienste (SMS)).

**4.2 SASV:** Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging, - Streke, - Spesialiteitsklubs en opbetaalde lede.

**4.3 Gebruikers:** Opbetaalde lede van SASV, deeltydse en voltydse werknemers, kontrakteurs en derdepartyverskaffers, en alle persone wat gemagtig is om inhoud voort te bring vir sosiale mediaplatforms wat met die SASV geassosieer word.

**4.4 Ongewenste gedrag:**
ook, maar nie beperk nie tot die voortbring van inhoud wat nadelig is vir die beeld of reputasie van die SASV of van lasterlike, pornografiese, teisterende en/of onbetaamlike aard is, of gedrag wat 'n vyandige omgewing skep.

**5. Persoonlike gebruik van sosiale media**

**5.1** Die persoonlike gebruik van sosiale media moet op so 'n wyse geskied dat geen skakeling of assosiasie met die SASV aangedui word nie. Om hierdie rede word persoonlike gebruik nie in hierdie beleid gedek nie.

**5.2** Die SASV sal egter die nodige stappe doen indien gebruikers sosiale media gebruik op 'n wyse wat 'n regstreekse, onregstreekse of potensiële impak op die SASV se reputasie of belange het.

**6. Gesag**

Gebruikers moet opbetaalde lede van die SASV, Streek- en Spesialiteitsklub-besture en, waar



Plakkerskamp Boerdery
Stantonstraat 1, Fichardpark, Bloemfontein.
Selfoon: 082 378 6447
Epos: plakkers@wol.co.za
August 2022
Teler van: Brunner Pouters in Wit, Blou, Bruin & Swart
Teler van die Reserwe Kampioen duif tydens
2022 SA Kampioenskapskou
Teel ook: Norwich Kroppers in Rooi, Mealy & verwante kleure



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

nodig, die kantoor van die SASV raadpleeg om vas te stel of hulle voorgenome handelinge gemagtig is.

**Die President van die SASV is die eienaar van hierdie beleid.**

**7. Gebruik van sosiale media vir die SASV Gebruikers moet:**

**7.1** seker maak dat enige inligting oor die SASV of sy aktiwiteite wat bespreek word, nie vertroulik is nie en in die openbaar beskikbaar is.

**7.2** redelike stappe doen om te verseker dat inhoud wat gepubliseer word, akkuraat is en nie misleidend is nie.

**7.3** seker maak dat die gebruik van sosiale media voldoen aan die tersaaklike bepalings van die grondwet en reëls van die SASV en die gebruiksbepalings wat op die betrokke sosiale media van toepassing is.

**7.4** aan die landswette voldoen, byvoorbeeld wette rakende kopiereg, privaatheid, laster, diskriminasie en teistering.

**7.5** altyd met respek en hoflikheid optree wanneer sosiale media gebruik word.

**8. Gebruik van beelde en video's**
Groot sorg moet aan die dag gelêword voordat identifiseerbare beeldmateriaal of video's geplaas word, en toestemming om dit te doen, moet verkieslik vooraf verkry word.

**9. Verantwoordelikheid vir implementering**
Streek- en Spesialiteitsklub-besture, saam met die Uitvoerende Komitee van die SASV, moet nakoming van die bepalings rakende die aanvaarbare gebruik van sosiale media verseker en moet redelike stappe doen om te verseker dat alle gebruikers van die inhoud van hierdie beleid kennis neem.

**10. Inwerkingtreding en beleidslewensiklus**
Hierdie beleid moet elke vyf jaar hersien word.



## *"Squiker" Skou 2022*

***Awie Esterhuizen***

| *Region* | *Exhibitors* | *Entries* |
|---|---|---|
| *Noord Kaap* | *2* | *42* |
| *Noord-van-die-Vaal* | *16* | *130* |
| *Noord Vrystaat* | *9* | *125* |
| *Wes Transvaal* | *6* | *88* |
| *Totaal* | *23* | *385* |

Wes-Transvaal "Squiker" Jongduifskou het gekom en gegaan op die 8ste Oktober 2022. Weereens was dit 'n groot sukses met 'n getal van 385 duiwe wat ingeskryf was in 52 rasse deur 33 Vertoners.


Cora Munnik
Nasionale Redakteur



Teel met Portugueses Tumblers
Old German Owls
en Domestic Showflights
e-mail: coramunnik@gmail.com
Sel: 076 313 2873




Oktober 2022

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Dankie aan Johan Erasmus wat dit moontlik maak- vir W-Transvaal om die skou op sy perseel aan te- bied. Die perseel is goed toegerus en baie veilig vir ons lede. Trudie en haar span wat die dag van die skou vir die innerlike gesorg het, baie dankie. julle het julle goed van jul taak gekwyt.

Aan elke vertoner wat ons ondersteun het, dank- ie. Sonder julle is 'n skou net nie moontlik nie. Dan is ons ook dankbaar vir ons beoordelaars en hoof-beoordelaar. Julle het sommer lekker deur die duiwe gedraf sonder dat een ras afgeskeep was. Die beste duiwe het gewen.

Die laaste dankie is aan my span – julle is tops.

Dankie aan ons Hemelse Vader wat ons deur die dag gedra het en ookgesorg het dat almal veilig by die skou aangekom het en ook later weer almal- veilig tuis besorg het.

Die uitslae van die skou volg hieronder. Geluk aan al die wenners – veral die Juniors. Julle het 'n paar oumanne skeef op hul neuse laat kyk.

Raswenners word aangedui met asterisk (*)

## Senior Raswenners

| Ras | Jong Wyfie | Jong Mannetjie | Beoordelaar |
|---|---|---|---|
| Brunner Pouter | Harry Munnik * | Harry Munnik | Karel-Jan Smeda |
| Norwich Cropper | Harry Munnik | Harry Munnik * | Rob Lombaard |
| English Giant Pouter | Estreux Boerdery | Estreux Boerdery * | Rob Lombaard |
| Holle Cropper | GJT Lofts | Estreux Boerdery * | Chris de Bruin |
| Pigmy Pouter | Marleen Esterhuizen | Marleen Esterhuizen * | Gerhard v Aswegen |
| Voorburg Shield Cropper | Marleen Esterhuizen | Marleen Esterhuizen * | Gerhard v Aswegen |
| Marchenero Pouter | Robertson Lofts * | Geen | Christo Munnik |
| Canaria Cropper | Nico Bester | Nico Bester * | Christo Munnik |
| King | Hein Hoffman * | Hein Hoffman | Chris de Bruin |
| Gros Mondain | Jaco Bester * | Jaco Bester | Rob Lombaard |
| American Giant Runt | Chris de Bruin * | Chris de Bruin | Bertie Wessels |
| Mookee | Jaco Bester | Jaco Bester * | Nardus Marais |
| Carrier | Helene Roodt | Helene Roodt * | Hennie Hattingh |
| Dragoon | Wesmar Boerdery | Wesmar Boerdery * | Christo Munnik |
| African Toy | Andries Cilliers * | Andries Cilliers | Hein Hoffman |
| Fantail | Herman Wessels * | Geen | Christo Munnik |
| Modena - Gazzi Marked | Heinrich Moldenhauer * | Heinrich Moldenhauer | Christo Munnik |
| Modena - Schietti Marked | Heinrich Moldenhauer * | Heinrich Moldenhauer | Christo Munnik |
| SA Botternek Tuimelaar | Louis van der Walt | Louis van der Walt * | Awie Esterhuizen |

George Nell



Teel met Syrian Dewlaps
en gaan poog om met hulle te vlieg
e-mail: georgenell42@gmail.com
Sel: 083 536 6917



Oktober 2022

We bpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873


| | | | |
|---|---|---|---|
| Eng L/F Tumbler - C/L | Wesmar Boerdery * | Wesmar Boerdery | Christo Munnik |
| Vienna S/F Tumbler | Estreux Boerdery * | Attie van Aswegen | Bertie Wessels |
| Vienna L/F Tumbler - C/L | Herman Wessels * | Estreux Boerdery | Bertie Wessels |
| Vienna L/F Tumb - Muffed | Estreux Boerdery | Estreux Boerdery * | Bertie Wessels |
| Felegyhazaer Tumbler | Helene Roodt * | Geen | Christo Munnik |
| Berlin L/F Tumbler | Herman Wessels * | Estreux Boerdery | Christo Munnik |
| Oriental Roller | Estreux Boerdery | Helene Roodt * | Gerhard v Aswegen |
| Portuguese Tumbler | Leendert Snyman | Jaco Bester * | Shaun Smeda |
| Rostower Tumbler | Jaco Bester | Jaco Bester * | Christo Munnik |
| Old German Owl | Nico Bester | Nico Bester * | Ds Hennie Hattingh |
| African Owl | Leendert Snyman | Leendert Snyman * | Shaun Smeda |
| Oriental Frill -Satinette | Shaun Smeda * | Shaun Smeda | Bertie Wessels |
| Oriental Frill - Blondinette | Shaun Smeda | Shaun Smeda * | Bertie Wessels |
| Italian Owl | Leendert Snyman | Leendert Snyman * | Bertie Wessels |
| Chinese Owl | Andries Cilliers * | Andries Cilliers | Awie Esterhuizen |
| Birmingham Roller | Attie van Aswegen | Christo Munnik * | Rob Lombaard |
| German Beauty Homer | Hein Hoffman * | Hein Hoffman | Gerhard v Aswegen |
| Working Homer | Robertson Lofts * | Andries Cilliers | Gerhard v Aswegen |
| Syrian Dewlap | Estreux Boerdery * | Estreux Boerdery | Chris de Bruin |
| Parlour Tumbler - D/Perf | Nico Bester | Nico Bester * | Bertie Wessels |
| American Show Racer | Van Zyl Boerdery | PB Marais * | Chris de Bruin |
| Thai Laugher | Estreux Boerdery | Estreux Boerdery * | Christo Munnik |
| Cauchois | Chris de Bruin * | Chris de Bruin | Bertie Wessels |
| Scandaroon | Helene Roodt * | Geen | Christo Munnik |
| Old Dutch Capuchine | Geen | Ds Hennie Hattingh * | Bertie Wessels |
| Damascene | Herman Wessels * | Herman Wessels | Awie Esterhuizen |
| Dutch High Flyer | Chris de Bruin * | Geen | Bertie Wessels |
| Coburg Lark | Jaco Bester * | Geen | Christo Munnik |
| Stargard Shaker | Estreux Boerdery | Estreux Boerdery * | Gerhard v Aswegen |
| Jacobin | Willie Human | Estreux Boerdery * | Chris de Bruin |
| Frillback | Jaco Bester * | Willie Human | Bertie Wessels |
| Gimpel | Johan Erasmus | Johan Erasmus * | Chris de Bruin |
| Danish Suabian | Johan Erasmus | Johan Erasmus * | Chris de Bruin |

**Junior Raswenners**





Harry Munnik





Teel met Birmingham Rollers
Brunner Pouters
Norwich Croppers
Indian Fantails
Holle Croppers
Mookees



Sel: 072 600 6919 - e-mail: munnikharry5@gmail.com

Oktober 2022


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

| Ras | Jong Wyfie | Jong Mannetjie | Beoordelaar |
|---|---|---|---|
| King | Jaco Marais * | Jaco Marais | Chris de Bruin |
| Mookee | Karel-Jan Smeda * | Geen | Nardus Marais |
| Rostower Tumbler | Karel-Jan Smeda * | Geen | Christo Munnik |
| Birmingham Roller | Leendert Snyman Junior | Karel-Jan Smeda * | Rob Lombaard |
| German Beauty Homer | Jaco Marais * | Geen | Gerhard v Aswegen |
| American Show Racer | PB Marais * | Geen | Chris de Bruin |

## Junior Top 5

| Toekenning | Ras | Vertoner |
|---|---|---|
| **Kampioen Duif** | King | Jaco Marais |
| **Reserwe Kampioen** | Birmingham Roller | Karel-Jan Smeda |
| **2de Reserwe Kampioen** | American Show Racer | Jaco Marais |
| **3de Reserwe Kampioen** | Mookee | Karel-Jan Smeda |
| **4de Reserwe Kampioen** | German Beauty Homer | Jaco Marais |
| **5de Reserwe Kampioen** | Rostower Tumbler | Karel-Jan Smeda |

## Senior Top 7

| Toekenning | Ras | Vertoner |
|---|---|---|
| **Kampioen Duif** | Dragoon | Wesmar Boerdery |
| **Reserwe Kampioen** | Junior King | Jaco Marais |
| **2de Reserwe Kampioen** | American Show Racer | PB Marais |
| **3de Reserwe Kampioen** | Oriental Frill - Blondinette | Shaun Smeda |
| **4de Reserwe Kampioen** | English C/L L/F Tumbler | Wesmar Boerdery |
| **5de Reserwe Kampioen** | Jacobin | Willie Human |
| **6de Reserwe Kampioen** | Modena - Schietti Marked | Heinrich Moldenhauer |




**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**



**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**

**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoor-steenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad, Satinette and Blondinette**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**

April 2022


***Pasop vir die kortpad. Daar moet 'n rede wees dat die hoofweg nie daarlangs gaan nie***

***Leer vandag om iemand se spanmaat te word***


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873





***Jaco Marais ontvang sy prys vir die Kampioen Junior duif, King, op skou van Hein Hoffman en Christo Munnik***





***Karel-Jan Smeda ontvang sy prys vir die Reserwe Kampioen Junior duif, Birmingham Roller, op skou van Hein Hoffman en Christo Munnik***



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



*Jaco Marais ontvang sy prys vir die 2de Reserwe Kampioen Junior duif, American Showracer, op skou van Hein Hoffman en Christo Munnik*




*Karel-Jan Smeda ontvang sy prys vir die 3de Reserwe Kampioen Junior duif, Mookee, op skou van Hein Hoffman en Christo Munnik*

***Ou vriende en lag plooitjies is die lewe se beste .trofee***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873





*Jaco Marais ontvang sy prys vir die 4de Reserwe Kampioen Junior duif, German Beauty Homer, op skou van Hein Hoffman en Christo Munnik*





*Karel-Jan Smeda ontvang sy prys vir die 5de Reserwe Kampioen Junior duif, Rostower Tumbler, op skou van Hein Hoffman en Christo Munnik*

***Ware barmhartigheid is om ALLES ja alles te doen wat ons kan***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873





*Bertie Wessels ontvang sy prys vir die Kampioen duif, Dragoon, op skou van Hein Hoffman en Christo Munnik*





*Jaco Marais ontvang sy prys vir die Reserwe Kampioen duif, Junior King, op skou van Hein Hoffman en Christo Munnik*

## *Maak jou wens 'n gebed*

